

# Hoërskool Heilbron se atlete presteer



Indien u enige nuus vir die koerant het, skakel of stuur e-pos vir Jolandri by 079 846 1075 of 058 852 3033  
E-pos: heraldnuus@heilbron.co.za



Hoërskool Heilbron het Saterdag, 20 Januarie 2018 aan die Laerskool Republiek se uitnodigingsbyeenkoms deelgeneem in Meyerton. Die atlete het uitstekend presteer. Daar was 35 eerste plekke behaal, 20 tweede plekke en 15 derde plekke. Baie geluk aan al die deelnemers.

## Heilbron Ruiterklub skop 2018 somer op 'n hoogtepunt af

Op Saterdag, 27 Januarie gaan hulle bietjie meer leer oor "Western Games!". Mnr. Edward Odendaal van Kroonstad gaan meer oor hierdie sport kom vertel. WMG is 'n nasionale sport in Suid-Afrika. Dit wil sê jy kan federasieklere verwerf. (Springbokkleure in die ou taal). WMG is die derde grootste dissipline in die land en huidige

die vining groeiendste. In die Vrystaat is daar reeds sewe klubs. Sorg dus dat jy en jou perd reeds Saterdag oggend 09:00 op Weltevrede Leeuplaas is. 'n Kort lesing word aangebied en daarna die lekker speel. Soos oudergewoonte sal daar 'n bring-en-braai wees na afloop van die verrigtinge. Vir verdere navrae skakel: Nonna Roos 072 698 6575 of Lizette Roets 082 926 9222.



## Briewe aan:

Die volgende skrywe is ontvang van Heléne Howell, van Huis Bron-van-Heil, Heilbron gerig aan die redakteur.

Baie dankie aan al die VVA vrouens, wat Sondag die 21ste Januarie 'n geskenkie aan ons inwoners oorhandig het. Sommer só vroeg in die Nuwejaar word daar aan ons gedink. Hulle wou glo met Kersfees dit graag gegee het, maar kon toe nie daar by uitkom nie. Dankie dat julle aan ons gedink het. Nou's dit 'n Nuwejaarsgeskenk! Ons waardeer die vriendelike gebaar en glo dis met liefde opgemaak en gegee. Baie dankie.

'n Oulike dogtertjie het myne aan my

*Redakteur*

oorhandig. Dankie hoor! Tog so jammer ek het nie gevra wat jou naam is nie tog was jou vriendelike gesiggie vir my dierbaar.

Baie dankie ook aan Sophie, wat ook aan ons gedink het Sondag die 21ste, om vir ons die heerlike worsbroodjies te gee vir aandete. En was dit nou lekker! Daardie vulsel (as dit só genoem word) binne in, by die worsie, was heerlik! Ek het lanklaas só 'n lekker worsbroodjie geniet. Baie dankie, ons waardeer.

### PRODUKSIEVEILING

Namens DAWID en RUDOLF BOTHA

DONDERDAG, 1 FEBRUARIE 2018 - 11:00 - ROOIKOPPIES, FRANKFORT

<b>1,000</b> DOHNE-MERINO TIPE OOIE	<b>525</b> ROOI BOER-VERSE	<b>UITSTEKENDE</b> swaardragtige ROOI Boerse
<b>40</b> DOHNE-MERINO GRAADRAME	<b>12</b> BONSMARA VERSBULLE	

**1,000 Swaardragtige ooie UIT lamhokkies VIR lamhokkies**

**NOTAS OOR SKAAPAANROE:**

- Jong, baie vrugbare ooie, hoofsaaklik 2-4 fond wat swaardragtig geskondeer is met hoofsaaklik meeringe om te lam in 4 groepe. 30 - 40 dae na die veiling • Ooie sal aangebied word in ± 25 ooie per lot • Ooie en verwagte lammen per lot sal duidelik aangedui word, by "25 Ooie + 50 verwagte lammen"
- Alle skape dra 7 maande wol • Ooie is dragtig van Dohne-Merino ramme hoofsaaklik afkomstig van Freddy & Mark Schmidt se Kromspuit Dohne's (Meme!) • Stegs AA en A ramme met 'n sterk meering-gekleurde en goeie wol word gebruik • Die ooie is geënt teen Bloufontein (A: 8 & C), Blou-aler (2x), Mullivax F Plus, E-coli (2x), Slenkdoorkoors, Ensoofiese Abonise, Complex A+E • Die laaste 2 doserings was Starlect en Cydectin LA.

**NOTAS OOR BEEMANBOD:**

- Feivelmetings is op alle verse gedoen en verse is ge-KI van 'n Bonsmara ventbul om kalwingsgemak te verseker • Die swaardragtige verse sal ± 30 dae na die veiling begin kalf • Dieselfde KI-bul plus nog 11 Bonsmara versbulle is gebruik as opvolgbulle • Alle verse het 3 x 8851 inervings ontvang en is geënt teen Spons-, Lam-, Knopvel-, Drie-dae-slywesiekte, Slenkdoorkoors en Fyramid Plus • Verse sal streng geklas wees en in lotte van ± 10 aangebied word • Bulle is afkomstig van Dr. Neels Cilliers, Westhoek Bonsmaras, Frankfort • Die bulle is 30 - 40 maande oud • Bulle sal getoets wees vir vrugbaarheid en Trichomoniasis • Die bulle word direk na die veiling aangebied • Alle verse is in 2015 gebore.

**VOLGORDE VAN VEILING: Ooie, ramme, verse, bulle**

Notas Petrus (063 232 9627) van Tellewêre Voersol die dag beskikbaar wees om u persoonlik by te staan met raad oor u skooptaakke se voeding en die pad vorentoe.

Dr. Neels Cilliers is al jare lank betrokke by die verkope se kuddegesondheid die skape en beeste se dragtigheidsaandring en algemene raad.

**AFSLAERNOTA:** Alle diere (skape en beeste) is bevestig en getoets van die beste gehalte en word baie sterk by enige voornemende koper aanbeveel. Kalfkloegse is op oornag beskikbaar sowel as op die dag van die veiling. Besoek Vleisentraal se webblad vir meer foto's en gepaste inligting.

**Ooi met vierling**

**UITSTEKENDE EENMALIGE AANBOD!**

**NAVRAE:** PJ Müller 060 966 9340 • Ian Grobbelaar 060 965 6207 • Corjan de Jager 079 506 8777  
**VERKOPERS:** Dawid Botha 082 3716 761 • Rudolf Botha 082 3344 820

**ROETE:** VANAF FRANKFORT: Ry op Heilbron seerp pad vir 25km. Draai links by S 1296. Ry vir 7km. Draai links in by plaas. **VANAF HEILBRON:** Ry op Frankfort seerp pad vir 34km. Draai regs by S 1295. Ry vir 7km. Draai links in by plaas. **VANAF PETRUS STEYN:** Ry vir 34km op Frankfort seerp pad (RTV). Draai links op Heilbron pad (S282) vir 47km na FM toring. Ry vir 1km. Draai regs op S 1296. Ry vir 1km. Draai regs in by plaas. **VANAF TWEELING:** Ry met Hans Dons de Lange straat Wes uit Tweeling, rynging graanveld vir tot 300m na die toringpad. Draai regs op S 143. Ry vir 21km tot by die T-waaiing. Draai regs op R207. Ry vir 5km. Draai links op S 262. Ry vir 1km. Draai regs op S 1296. Ry vir 3km. Draai regs in by plaas. **GPS Koördinate:** S27°22'769" E28°15'788"

**FRANKFORT / HEILBRON** VLEISSENTRAAAL BETHLEHEM 063 261 5226 www.vleisentraal.co.za